# ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

20 Maart 2014

Dagsê Almal

***" Spreuke 18 vers 10 sê "Die Naam van die Here is 'n sterk vesting ……"***

Ons stap 'n pad deur Spreuke en daagliks vind ons liefdevolle teregwysing, hoop en aan sporing in die paar verse wat gelees word. Dankie Vader dat ons die voorreg het om die pad met U hand wat ons lei te stap.

Dit word al koel deur die nag en die behoefte aan heelwat vroue, 2 mans(32/34) en kinder klere is groot asseblief.

Daagliks kom klop nog mense aan vir onder steuning en die druk op die huis raak al groter. Ek onderskei hulp of geen hulp met die leiding van Bo want dikwels voel ek nee-nee ek wil nie help nie maar die Here dwing my in die ander rigting. Wanneer ek dan 'n gesprek voer met die mense kom ek agter dat algehele gebrek aan vertroue op Hom ontbreek en weet ek waarom die mens by my uitgekom het. So kry ek gereeld ook 'n bloedneus wanneer ek tog wel besluit om te help maar vind later uit die huis word misbruik. Ek sny so 'n persoon sommer kort en kragtig af maar dit is nie lekker nie want ek weet dikwels is daardie persoon weer 'n straatmens. Die probleem wat ek ervaar is dat baie van die erge swaarkry vanuit ons oogpunt gesien 'n manier is wat aangeleer is om ons te manipuleer om te gee en so dikwels word selfs ons Christenskap gebruik om hulle hul sin te laat kry. Reels soos geen rook word as onredelik beskou maar ek pas dit streng toe want in die eerste plek rook almal in die omgewing die goedkoop sigarette wat giftig vir hul gestel is en tweedens kan daardie R10 'n brood gekoop het. So is ek en Petro daagliks verwikkel in 'n geestelikke tweestryd van help of nie help nie en teen die middaguur is ons koppe al suf. Dink asseblief aan ons in jul gebede want daarsonder gaan ons nie staande bly nie.

Ons finansies lyk beter maar ons het steeds 'n volhoubare inkomste nodig asook kos om in die mense se daaglikse behoeftes te kan voorsien. Ek kan julle verseker dat almal wat kos huis toe neem werklik sy kant bring om die huis en tuin netjies en skoon te hou. Hier heers 'n heerlike atmosfeer van harmonie terwyl daar geskrop, gekook en gewas word en dit is vir my en Petro lekker om hier te wees. Bernadine het vandag kom vra of ons kan help met Dane se wintersdrag vir die skool. Hy is in Hoërskool Tuine.

Vandag wil ek vertel van Jo-anne. Sy is nog baie jonk met haar seuntjie Donovan wat met ligte Asperger gediagnoseer is. Hy is in 'n nuwe kleuterskool en sy probleem word baie mooi aangespreek. Sy vordering is pragtig en hy begin al baie verstaanbaar praat. Jo-anne het weer haar jeugliefde raakgeloop en sommer dadelik weer die pad byster geraak maar ek dank die Vader dat sy met baie baie trane tog geluister het na wat die Here vra en omgedraai het om dinge reg te doen. Ek is baie trots op haar en glo sy is sterk genoeg om te volhard. Sy het begin werk en kry R500 per week wat genoeg is om haar huur van R1500 te betaal maar Donovan se skoolgeld is R850 waarvan sy die helfte moet betaal en dit laat haar met R75 per maand oor vir kos. As u voel om haar te ondersteun sal ek baie bly wees tot sy en Nico hul nuwe lewe saam gaan begin.

Eljada Huis groete. Annatjie.

***Bankbesonderhede***

**Eljada Huis, Standard Bank, Montana, Marketlink spaar, 044396058, Bankkode 051001**

***NOODROEP VANUIT DIE KOMBUIS!!!!!***

- **KOS – Blikkies vleis, vis en groente, soja, koffie, boksmelk, cremora, margarien, konfyt, stroop, grond boontjiebotter, Bovril, kitsontbytkos, soppoeier, speserye, eiers, aanmaak koeldrank, mieliemeel, pasta.**
- **Toiletware – skeermesse, toiletpapier, sjampoe, badseep, aanrol, spuitgoed, waspoeier en Sunlight seep.**
- **Beddens, tafeltjies, tweeplaatstofies, elektriese panne, ysters, strykplanke, ketels, TV's, radiotjies, yskaste, fietse, tente, wendy's of karavane – hier is heelwat nuwe mense wat dringende behoefte vir bg. het asseblief.**

**Baie dankie by voorbaat.**